## DIE ESSENSIE VAN NEO-SPEKTRUM:

Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE


Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
terblanche1@telkomsa.net

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** riaan.neethling@gmail.com


**ACIM HERVAT WEER NA SKOOLVAKANSIE**

**BOEKGROEP**
**Maandag 4 Julie 19h00**
lydia@africagrowth.com
**Marseille 15, Pinehurst**

### BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

______________________________________________

E-Mail________________________________ Sel______________________

### ADRES: 7 BICCARD STR. DURBANVILLE

Vanaf N1 — Durbanweg/Willie van Schoor afrit, reguit ± 8km tot by sirkel,
uit in Koebergweg, tweede straat regs is:

**MAAK VIR ONS 'N MAANDELIKSE BYDRAE ASSEBLIEF**

**Bankrekening vir bydraes**
**ABSA: Neo-Spektrum**
Takkode: **632005**
Rekening: **4083481065**
*Vorms is ook beskikbaar indien jy 'n* ***debietorder*** *wil teken*

SnapScan
Download APP vir jou foon. Installeer en gebruik met veiligheid.



# Neo-Spektrum

**26 Junie 2016**

## BEKENDE BYBELFIGURE

## DIE VERHAAL VAN PAULUS

## STILTE IN DIE KAPEL

~ DANTE'S PRAYER — LOREENA MCKENNITT ~

### IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

Die liefde moet opreg wees. Verafsku wat sleg is en hou vas aan
wat goed is. Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; bewys
eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld.
Moenie in julle toewyding verslap nie, bly altyd geesdriftig,
dien die Here. Verbly julle in die hoop; staan vas in verdrukking;
volhard in gebed. Help die medegelowiges in hulle nood
en lê julle toe op gasvryheid. Seën julle vervolgers, ja, seën hulle,
moet hulle nie vervloek nie. Wees bly saam met dié wat bly is
en treur saam met dié wat treur. Wees eensgesind onder mekaar.
Moenie hooghartig wees nie, maar skaar julle by die nederiges.
Moenie eiewys wees nie. Moenie kwaad met kwaad vergeld nie.
Wees goedgesind teenoor alle mense. As dit moontlik is,
sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.

— Romeine 12:9-18 —

## STILTE VAN BINNE

## To inspire people, that is the most important thing of all

- ✓ **Die geskiedenis van Paulus** — agtergrond, invloed, roeping, en boodskap
  *Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. — **2 Korintiërs 5:17***
- ✓ **Die seksualiteit van Paulus** — "die doring in my vlees" (2 Korintiërs 12:7b)
  *But I see a different law in the members of my body, waging war against the law of my mind and making me a prisoner of the law of sin which is in my members. — **Romeine 7:23; Galasiërs 5:16-17***
- ✓ **Die spiritualiteit van Paulus** — onverskrokke determinasie en getuie van Jesus
  *Maar al is my lewe vir my kosbaar, reken ek dit van geen belang nie as ek maar net my lewenstaak kan voltooi en die dienswerk wat ek van die Here Jesus gekry het, kan klaar maak: dit is om die evangelie van God se genade te verkondig. — **Handeling 20:24***
- ✓ **"Genade en vrede vir julle"** — herontdek wat dié Goddelike groet beteken
  *My genade is vir jou genoeg. My krag kom juis tot volle werking wanneer jy swak is. — **2 Korintiërs 12:9***
- ✓ **Geskenke van geloof** — die oortuiging, toewyding, beginsels van 'geloof'
  *Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. Daar is net één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon. — **Efesiërs 4:5-6***
- ✓ **Geskenke van hoop** — 'n visie van menslike potensiaal deur die liefde van God
  *Liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, nederigheid, selfbeheersing — **Galasiërs 5:22***
- ✓ **Geskenke van liefde** — vir wat met liefde gedoen word is groter as geloof
  *Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. Dit handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles. — **1 Korintiërs 13:4-7***

### Die Sterwenswoorde van Paulus

***"Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik; ek het gelowig end-uit volgehou."*** **(2 Timoteus 4:7)**



## GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING



~ HOMECOMING — PREISNER ~

---

## HEILIGE NAGMAAL

*Die breek van brood en deel van wyn*
*(onthou weer 1 Timoteus 5:23)*

## HERINNERING EN SEËNBEDE

Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars
deur Hom wat vir ons lief is.
Hiervan is ek oortuig:
geen dood of lewe of engele of magte
of teenswoordige of toekomstige dinge
of kragte of hoogte of diepte
of enigiets anders in die skepping
kan ons van die liefde van God skei nie,
die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here.

**— Romeine 8:37-39 —**

---

## BE THE AWARENESS OF THE PRESENCE OF GOD

~ THE PRAYER — MONTSERRAT CABALLE ~